2. Heiland, aan U al ons dank en aanbidding -
U het kom soek, ons van sonde gered.
Deur u verdienste kom ons na die Vader;
hoor Hy sy kinders se lied en gebed.

Ere aan God! Die Heer van alle here
woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees.
Gee ons die liefde, geloof en vertroue
om u gehoorsame kinders te wees.

3. Wek in ons liefde, o Heer, vir u waarheid;
Waarheid gee insig, versterk en maak vry.
U is die Waarheid, die Weg en die Lewe;
U woon in ons en laat ons in U bly.

Ere aan God! Die Heer van alle here
woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees.
Gee ons die liefde, geloof en vertroue
om u gehoorsame kinders te wees.

Vredesgroet

Verootmoediging en skuldbelydenis: Mark 12:28-31

Genadeverkondiging

Apostoliese Geloofsbelydenis as toeëiening van genade

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en ’n ewige lewe.

Lied 203:1- 3

1. Loof die Here, al wat lewe,
wil Hom dank en hulde bring -
Hy het al ons skuld vergewe;
ons 'n nuwe lied laat sing.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Loof die Vader, God en Heer!

2. Loof Hom wat in groot genade
ons deur eeue heen behou;
loof Hom vir sy reddingsdade -
vas kan ons op Hom vertrou.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Hy's genadig en getrou.

3. Soos 'n vader sorg vir kinders,
sorg die Heer vir wie Hom vrees.
Hy vergewe hul oortredings
en berei 'n vreugdefees.
Loof Hom, prys Hom! Loof en prys Hom!
Laat ons Hom gehoorsaam wees!

GOD PRAAT MET ONS UIT DIE BYBEL

Skriflesing – Markus 6:1-6

Boodskap

SAAM MET GOD AAN TAFEL

Opsteek van kerse by die Christuskers

Offergawes

GOD STUUR ONS…

Slotlied 215: 1, 2, 4

1. Besing die lof van Jesus saam,
ook eng'le bring Hom eer.
Juig hemel, aarde, roem sy Naam
en dien Hom, volg Hom, loof Hom -
Christus is dié Heer!

2. O nageslag van Israel,
gee u Messias eer;
erken Hom as Immanuel,
en soek Hom, vind Hom, prys Hom:
Christus is dié Heer!

4. Wees, volkere, opreg en wys;
besef dat Hy regeer;
wil Hom bo alle vorste prys
en eer Hom, daagliks, oral -
Christus is dié Heer!

Seëngroet

Amen - Lied 314 [x2].

Ned. Geref. Gemeente Pinelands

EREDIENS

15 Julie 2012

Koninkrykstyd

GOD BRING ONS VOOR HOM SAAM

Verwelkoming en Bulletin

Aanvangslied – 526

1. Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is,
daar is God die Heer.

2. Ubi caritas et amor,
ubi caritas, Deus ibi est.

Aanvangswoord (Matt 11:28-30)

V: Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.

A: Amen.

Seëngroet

Genade, sagmoedigheid en vrede van God die Vader en sy Seun Jesus Christus wat ons vanoggend uitnooi om na Hom toe te kom. Sy Gees is in ons.

Loflied – 207: 1-3

1. Eer aan die Vader, wat alles gemaak het;
eer aan die Seun, ons Verlosser en Vriend;
eer aan die Gees wat ons lei in die waarheid -
aan God Drie-enig ons lof en ons lied.

Ere aan God! Die Heer van alle here
woon ook in ons deur sy Woord en sy Gees
Gee ons die liefde, geloof en vertroue
om u gehoorsame kinders te wees.